


DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Die Helpende Hand
# **Studietrust**


“Onderwys gee vir jou ’n werk.
Opleiding gee vir jou ’n loopbaan”
- Flip Buys

# *Voorwoord*

Solidariteit Helpende Hand **glo in gemeenskapsontwikkeling**. Een van die beste maniere om gemeenskappe te ontwikkel is **deur opleiding en geleenthede** om verder te gaan studeer. Daarom maak die **Helpende Hand Studietrust** reeds vir jare lank al 'n verskil.

Deur die Studietrust gee ons studente die **geleentheid** om verder te gaan studeer. Mense kry nuwe hoop waar daar eens geen hoop was nie, antwoorde in plaas van 'n gevoel van magteloosheid en moedeloosheid. Dit is een ding om te sê ontwikkel jou gemeenskap deur studies, maar hoe doen 'n mens dít as daar nie fondse beskikbaar is nie? Daarom stig ons studiefondse, deur gemeenskappe, donateurs, trusts, en op enige ander moontlike manier. Ons loop 'n pad met diegene wat 'n **verskil** in ander mense se lewens wil **maak**, en help mense om verder te gaan studeer. Op die manier ontwikkel ons gemeenskappe; ons verander iemand se lewe, 'n gesin se uitkyk, 'n gemeenskap en stadig maar seker die hele samelewing.

Vir die **Helpende Hand Studietrust** is dit 'n voorreg om by die opleiding en ontwikkeling van ons studente betrokke te kan wees. Elke student wat afstudeer is opsigself 'n **oorwinning**. Elkeen wat sy of haar plek in die samelewing volstaan getuig van die verskil wat gemaak is.

Oor die afgelope jare kon **duisende toekennings oorhandig** word, vele kwalifikasies is bereik, en sodoende kon die primêre doel van die Studietrust tot sy reg kom. Ons wil graag stelselmatig die hele **samelewing verander**, en ons doen dit deur elke studielening wat ons toeken. Die betrokke student moet 'n begeerte hê om te gaan studeer, om iets te bereik, en sukses te behaal. Terwyl ons dit vir studente moontlik maak om te gaan studeer, moet hy of sy ook hulle studies wíl terugbetaal.



Die **Studietrust** is dus meer as bloot 'n besigheid, **baie meer as net 'n droom**. Dit gaan oor meer as om fondse in te samel en dit te bestuur. Die Studietrust bewaarheid drome, help studente om bepaalde doelwitte te bereik sodat hulle hulle **roeping kan uitleef**. Ons sal daarom, en vir solank as wat dit moontlik is, met elke studielening wat toegeken word, 'n verskil probeer maak. Student vir student en kwalifikasie vir kwalifikasie.

Helpende Hand het jare reeds bewys dat dít die beste manier van gemeenskapsontwikkeling is. **So gaan ons ook vorentoe**, die toekoms tegemoet, want elke student wat wil studeer, moet kan studeer.

***Hannes Noëth***

# *Oorsig van die* STUDIETRUST



Die **Mynwerkersunie** het gedurende die 1960's besluit om'n **studiefonds te stig**. Die rede: so min Afrikaanse studente kon destyds bekostig om te studeer. Dit het gelei tot twee belangrike inisiatiewe. Die eerste projek was om **fondse te werf** vir die bou van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit. Die tweede projek het ten doel gehad om 'n **volhoubare studiefonds** te stig.

Gebore uit hierdie kultuur om mekaar te help het **Solidariteit Helpende Hand** se **Studietrust** oor die afgelope **13 jaar** reeds **meer as 11 000 studielenings** aan **5514 behoeftige studente toegeken** – 'n **somtotaal van R249 miljoen**.

***En terwyl baie verander het bly ons droom dieselfde, elkeen wat wil studeer, moet kan studeer.***

## WAT IS DIE STUDIETRUST?


Die **Studietrust**, 'n inisiatief van **Solidariteit Helpende Hand**, is in 2009 gestig as platform vir donateurs om behoeftige Afrikaanse studente te help om deur middel van **rentevrye studielenings te studeer**. Die rentevrye studieleningmodel verskaf 'n volhoubare vol sirkel benadering tot kontinuïteit wat die volgende student of meer studente die **geleentheid bied** om met 'n **rentevrye studielening** te studeer.

*Die rentevrye studielening is terugbetaalbaar gelykstaande aan die aantal jare of duur van die studie, nadat die kursus voltooi is.*

# *Oorsig van die* STUDIETRUST

- **2009** – Eerste studielenings word aan 118 studente toegeken (R815 600)
- **2010** – R1 miljoen-kerf oorgesteek
- **2012** – Eerste Gemeenskapstudiefonds gestig
- **2012** – Eerste studiefonds van Akademia gestig
- **2014** – Gemeenskapstudiefondse groei tot 17 gemeenskapstudiefondse
- **2015** – R15 miljoen-kerf oorgesteek
- **2016** – Meer as 1000 studente gehelp
- **2017** – Plaasmoord-Studiefonds word gestig
- **2019** – Droogtehulp-Studiefonds en Projek 40 gestig
- **2018** – R30 miljoen-kerf oorgesteek
- **2021** – Liefde-in-Gestremdheid-Studiefonds gestig
- **2022** – R40 miljoen-kerf oorgesteek





## R249 683 737

*Ons het al reeds R249 683 737, in die vorm van rentevrye studielenings, toegeken.*

## 4105

*4105 van die afgestudeerde studente werk reeds*

## 5514

*5514 studente is al gehelp*

## 282

*282 donateurs is betrokke*

## 206

*206 studiefondse word tans deur ons bestuur*

## STIG JOU EIE STUDIEFONDS

Definieer jou eie maatstawwe en vereistes waaraan studente moet voldoen. Die Studietrust, in samewerking met die donateur, identifiseer verdienstelike studente wat aan gespesifiseerde kriteria voldoen. Die Studietrust administreer die studiefonds en doen verslag van studente se vordering.

## TESTAMENTÊRE BEMAKINGS

Testamentêre bemakings aan geregistreerde weldaadsorganisasies (OWO's), soos die Helpende Hand Studietrust, is ingevolge artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet belastingaftrekbaar.

## EENMALIGE OF MAANDELIKSE SKENKINGS

Skenking of donasies aan die Studietrust is belastingaftrekbaar ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet.

## SKENK JOU TWEEDEHANDSE KLERE OF HUISRAAD AAN 'N ONS WINKEL

Tweedehandse klere en huisraad kan 'n groot verskil maak, en boonop behoeftige studente se studies befonds. Solidariteit Helpende Hand Sake het tans 120 Ons Winkels landwyd waaraan jy jou tweedehandse goedere kan skenk. 'n Gedeelte van die opbrengs word in die Studietrust teruggeploeg.

# BELASTINGVOORDEEL

Het jy geweet dat 'n skenking aan 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie(OWO's), soos die Helpende Hand Studietrust, jou belasbare inkomste met 'n maksimum van tot 10% kan verminder?

Benewens dié belastingvoordeel verrig jy ook 'n weldaad deur 'n hulpbehoewende student se studiedroom te verwesenlik. Skenkings wat aan die Helpende Hand Studietrust gemaak word is dus van belasbare inkomste aftrekbaar. Maak gebruik van 'n Art 18A-belastingsertifikaat wat as bewys sal dien.

## *Bank & Kontakbesonderhede*

**Die Helpende Hand Studie Trust**

FNB Rekeningnommer: 623 314 47541

Takkode: 261550

Verwysing: ST/NK/U naam en van

## KONTAK ONS

***(012) 111 8360***

-

***studietrust@helpendehand.co.za***

-

***www.hh-studietrust.co.za***




*“Sewe generasies van hoop gegrond in studie verskaf die raamwerk en platform waarbinne behoeftige verdienstelike studente ’n fondasie gegee word vir studie en die hoop op ’n volhoubare toekoms. Volhoubaarheid is die rede vir ons bestaan, gerugsteun deur prosesse, strukture en verhoudingsbou met alle rolspelers, - van donateur, student, gemeenskap tot instansie.”*
– Operasionele Hoof: Lizelle van der Klashorst



www.hh-studietrust.co.za